

Nomades Nuusbrief

... Einde September 2012 ...

Goeiedag alle Stappers. Dankie aan Jannes vir die stapverslag, ons waardeer dit baie.

22-24 September stap terugvoer: Queen Rose. Naweek stap.

Hierdie roete is naby Baberton en 300 km van Pretoria af (maar 'n bietjie verder as jy die instruksies van die roete stiptelik gevolg en verdwaal het).

'n Groep van 21 stappers het op die ekskursie gegaan. Omdat dit 'n langnaweek was, is besluit om die Saterdag deur te ry en die Sondag en Maandag te stap. Die eerste aand het ons in die Queensview hut geslaap. Dit is 'n huis wat deel vorm van 'n skool wat in onbruik is, maar die terrein word goed deur Lucky onderhou. Die huis self was 'n bietjie klein vir 21 mense en van die stappers het



op hul matrasse in die sitkamer geslaap. Daar was egter elektrisiteit, warm water, 'n groot yskas, baie

stoele, ekstra ablusie buite die huis en 'n gesellige braaiplek. Die middag het Paul met 'n skok ontdek dat hy sy beursie met geld, bestuurslisensie en kredietkaart verloor het, moontlik by Ultra City waar hulle geëet het.

Sondagoggend was almal vroeg gereeld en lank voor die afgespokene tyd het van stappers al in die pad geval. Dit was 'n koel, bewolkte dag, met vlagies reën wat geval het. Die eerste deel het deur 'n denneplantasie gegaan. Die mis het dik gelê, maar die roete hier was maklik. Daarna het die roete deur inheemse bosse skerp na die Montrose rivier gedaal. Die paadjie was egter goed uitgelê, maar die afdraende was styl met 'n gladde modderlaag op. Seker die helfte van die stappers het een of meer keer onseremonieel op hul agterstewes geland. Corrie het by voorbaat sit-sit afgeskuifel. Na 'n kort rus by die Alvin's Fall uitkykpunt is ons

verder af rivier-toe.

Die riviertjie, seker so 5 tot 10 meter breed, het redelik sterk gevloei. Volgens ons inligting moes die rivier 12 keer oorgesteek word. Die meeste kruisings het bestaan uit 'n houtpaal of twee met 'n tou of kabel bo-oor om aan vas te hou. Dit was egter steeds 'n uitdaging om jou balans te behou. Gevolglik het baie van die stappers later sommer met stapskoene en al deur die water geloop. Dit was egter nie die einde nie. Seker goed 'n verdere 8 betonbruggies het weggespoel, skynbaar tydens 'n storm 'n paar weke vroeër, en weereens moes die stroom oor- of deurgesteek word. Die natuur om die riviertjie was egter pragtig met natuurlike bos en groot bome. Na die rivier was die Makêsh hut sowat 5 km verder en het die roete oor randjies en oop veld gegaan. Afgesien van 'n koei wat vir Anna-Marie aangegluur het, was hierdie deel nie baie opwindend nie, behalwe vir die bobbejaansterte op die laaste randjie, wat in volle blom was.



Die Makêsh hut was tot volle kapasiteit gepak, en 'n paar stappers het toe maar op die koue stoep geslaap. Die hut het nie elektrisiteit gehad nie, maar 'n gasstoof en -lamp en 'n donkie.

Carolien, wat saam met die roetebestuurder, Wim, gery het, het as skakelbeampte vir die Nomades opgetree en mooi vir Wim verduidelik watter kranne lek, watter beddens kort trappies en dat die kamers oorvol was.

Die Maandag was 'n lieflike sonskyn dag. 'n Klomp van die stappers het besluit om padlangs terug na Queensview te stap. 'n Paar het die volle roete gestap terwyl Karen K en Edith 'n langer roete gevat het deur sommer 'n onbeplande draai te maak en 'n berg te gaan uitklim. Hulle het baie later en by baie bekommerde mede-stappers by die eindpunt aangekom. Die laaste dag was grotendeels deur natuurlike bos, en die opdraendes was nie baie styl nie. Ongelukkig was die veel besproke "Cupid Falls" 'n teleurstelling omdat daar geen uitkykpunt is vanwaar die hele kaskade van valle duidelik sigbaar was nie.

Quees Rose is 'n redelike moeilike roete, maar met die pragtige natuur, 'n roete wat die Nomades op ons lys van stappe kan behou.

Jannes Jansen van Ryssen 2012/09. Dankie aan Edith Steyn vir die netjiese fotos.

Klub Finansies :

Inbetaling van Stappers :	R 5080.00	Queen Rose(R4260), ook Strandloper(R600) en Mosamani(R220).
Uitbetaling na roete eienaars :	R 4,330.00	Queen Rose en die laaste plek wat nog oop was op Strandloper(R600).
Saal huur (3 maande) :	R 240.00	
Ledegeld :	R 120.00	Edith Steyn.
Rente verdien :	R 1.94	
Bankkoste :	R 31.19	Hoofsaaklik agv kontant inbetalings.
Einde September Saldo :	R 9,994.99	

WEBTUISTE

Die jaarprogram van 2012 is opgedateer met die laaste veranderings aan die roetes gestap en die mense wat saamgestap het. Die laaste beskikbare 2013 voorlopige program is ook gelaai. Wees asb geduldig met ons, die meeste van die 2013 moet nog bespreek word en daar is nog 'n klein kans dat ons van die roetes sal moet verander, maar ons sal u inlig sodra alles bevestig is.

Op die LEDELYS deel van die webtuiste het ek die ledestatus opgedateer, die 2012 lede is nou aangedui EN ek het begin om julle FOTOS by te voeg, dit sal sekerlik nog 'n tydjie duur voordat ek van elkeen 'n billike foto het. As jy werklik nie van jou foto hou nie of dit is nie op die webtuiste nie, stuur asb vir my 'n foto en ek sal dit verwerk om in te pas. BAIE dankie solank vir u samewerking. sien www.nomades.co.za en kies Ledelys. Onthou die kodewoord is ons vorige voorsitter se naam met die eerste 'H' 'n hoofletter.

Jaarafsluiting

Ons jaar afsluiting sal vanjaar in die vorm van 'n bring en braai wees by my werkplek in Rubenstein Rylaan 909, Moreletapark. Daar is 'n lekker lapa en twee swembaddens beskikbaar. Ons sal nader aan die tyd net reël of vra vir mense om te help om bv braaiers, bykosse en dalk 'n ekstra tafel of twee te bring. Daar is heelwat parkering en dan ook genoeg afdakspasie dat as dit dalk sou reën, sal ons kan voortgaan.

Nuttige Telefoon nommers

Hans het ook vir ons die volgende noodkontak nommers van die Bergklub van SA gegee wat sal kan help om jou uit te kry en hulp te kry in 'n noodgeval op 'n stap. Stoor dit gerus op jou selfoon, veral as jy in bergagtige area stap met min of geen ontsnaproetes. 074 125 1385, 074 163 3952, 011 315 0203. Dankie Hans, ons hoop ons hoef dit nooit te gebruik nie.

Onthou gerus ook Magalies Voetslaan se streeksaand elke laaste Dinsdag aand van die maand by Tukkie's. Sien gerus www.magalieshiking.co.za

Groete en sien julle binnekort op 'n volgende stap of klub aand.

Marius Stander

ms@itt.za.com

S : 083 305 6223, W : 012 998 6267 x 116

Nomades Voetslaanklub

Finansies, Nuusbrief en Webmeester.

WWW.NOMADES.CO.ZA